

Die Trouklip

deur Helene de Kock

“Jou tuin verdien lof. Subtiel dekoratief... En dié ding lyk perfek op die rotstuin,” sê die een beoordelaar, Mara, en haar grysblonde krulkop knik goedkeurend.

“Was dit maar altyd hier?” vra Nellie, haar veel jonger, rooikop kollega.

Anita kyk na die kiertsregop klip waarlangs sy staan. Dis net so lank soos sy. Dit voel wel of dit altyd hier was...

“Lang storie,” glimlag sy.

“Wel... Het jy vir ons ‘n bietjie tee?” vra Mara.

“Beslis,” glimlag Anita. “Dis ver terug Bloemfontein toe en julle moet eers bietjie afskakel.”

Die tuin was nie altyd so goed versorg nie. Dit het Anita die eerste Desember vakansie al gesien toe sy saam met haar universiteitskêrel op Sandkloof kom kuier het. Die gras was stomp gesny en sommige struik se wilde, bleek lote was dringend op soek na sonlig. Haar aanstaande skoonma, mevrou Havenga, was beslis nie ‘n tuinmens nie, het sy besef. Dié vrou se belangstelling was pottebakkerie. Sy het net soms afwesig met haar seun en

sy meisie geglimlag as hulle by haar ateljee kom inloer. Sy het darem lekker kos laat maak. Jemima wat in die kombuis werk, kon toor met kos. Nou nog. Sy het Anita gemaklik oorgeneem na haar troue, die septer in die kombuis bly swaai terwyl Anita die tuin oorgeneem en mevrou Havenga toe al dorp toe getrek het.

Ook nou loer Anita by die kombuis in en vra mooi: “Jemima-engel, maak asseblief tee en bring van daai lekker melktert van jou.”

“As ek skielik ‘n engel is, vertel jy daai klipstorie,” sê Jemima droogweg. “En dit vat lank. Twee maal se tee maak en nog botterkoek ook.”

Anita lag en keer die vroue sitkamer toe. Hulle gaan sit stywerig teenoor mekaar. Moeilike verhaal om te vertel, dink Anita. Ietwat sensitiewe saak.

“Nou ja,” begin sy, “ek en Henk het lekker gekuier. Mevrou Havenga was eintlik min gepla met ons. Een hete Saterdagmiddag loop ek toe ‘n entjie af met die dennelaan. Ek stap heuwel af met my slap leersandale en gly dat die gruis spat.”

Nellie glimlag skewerig. “Waar was Henk toe?”

“Moes leer vir ‘n toets. Iets oor bloed...”

“Hematologie...?” vra Mara.

“Seker, ja. Ewenwel, ek trap-trap toe so versigtig verder tot onder in die vou van die heuwel waar die rylaan in die grondpad uitmond, klim deur die draad en vaar die veld in. Die waaigras was kuithoogte. Goeie jaar

gewees. Toe gewaar ek dié klip. Dit het skuins op ‘n verrotte boomstomp gelê. Glad en toffiebruin. ‘n Fraai natuurfrats. En ek sien hoe ek dié mooi ding bo in die tuin loop staanmaak. Nog klippe aandra en vetplante plant. Die valerige plante son toe skuiwe en nuwe saadjies saai... Die struik knip, die rose snoei...”

“Wat het Henk van jou dromery gesê?” vra Mara.

“Ek het hom nie vertel nie. Hy’t geswot. Die proffie het beloof om hom stil te laat heengaan as hy weer dop. Daarom het ek mevrou Havenga gaan vra.”

“Jy het baie *guts* gehad...” glimlag Nellie.

“Wel, ja... ek was nie voorbereid op haar reaksie nie. Sy het die stuk windskeef klei op die wiel ondersoekend bekyk... en toe met een veeg afgeklap. Toe sê sy: Jy kan my seun kry as jy daai klip boontoe bring.”

Jemima bring die teegoed maar eers toe Anita begin skink, sê Nellie:

“Haai, dis darem... Het jy jou nie vererg vir haar nie?”

“Nee wat, ek het haar toe al bietjie verstaan. Sy was soos sy was, en basta. Sy wou net nie gepla wees nie.”

Die vrou knik, eet langsaam asof die tert dalk taai kan wees. Maar sy is net ingedagte, sien Anita. Sy wag moontlik op iets om die verhaal lekkerder te maak. Meer opwindend dalk.

“Nee...” sê Anita, en die vroue kyk op. “Ek wás nogal gekrenk. Maar daardie aand aan tafel bekyk ek weer vir Henk. Sy breë skouers, die

mosgroen van sy oë, nes sy ma s'n... Ons het by kerslig geëet. Dit was al wanneer sy ma vrolik geword het. So asof die vlammetjies iets in haar aangesteek het. Toe haal sy die klip op... Jou meisie het trouplanne, Henk, sê sy ewe. Dis vir jou te sê, lag Henk en vat my hand. Maar ek sit daar soos Sannie Suutjies en weet nie wat om te sê nie.”

“Hét Henk jou toe ooit al gevra om te trou?” vra Mara en skraap die laaste stukkie tert van haar bordjie af.

“Hy't soms gesê ons moet aan die toekoms begin dink. Twee mense wat so al lank saam is, moet planne hê anders raak die verhouding rigtingloos... Wel, toe ek eindelijk kon praat, vra ek sy ma of ek die volgende dag die klip kan probeer huis toe bring.”

“En toe?” vra hulle feitlik tegelyk.

“Toe bly mevrou Havenga 'n rukkie stil en Henk lyk so of hy nie mooi weet wat nou nie.... en ek dag wel, ek wil nie 'n man hê wat nie wil trou nie... Maar nog voor ek kon praat en dalk 'n bom laat bars, sê Henk: Dis 'n vrek swaar klip daai. Bring hom maar... En hy leun oor en soen my liefdevol in my nek.”

“Haai...” adem Nellie weer. “Wat doen sy ma toe?”

“O... sy het in haar skik gelyk. Verstaan mooi, sy was nooit werklik snaaks met my nie. Sy was eintlik net haarself. Haar seun en sy meisie het bloot inbreuk gemaak op haar geslote kunstenaarsbestaan. Maar... hier duik toe iets op wat... vermaaklik kon wees.”

Anita voel aan die teepot. Dis koud. “Jemima-engel!” roep sy. “Nog tee, asseblief!” Toe glimlag sy lief. “Henk het toe weer van die klip gepraat. Gesê het hy het dit ook al baie raakgesien maar dat ek die eerste mens is wat ‘n funksie daarvoor kon uitdink.”

“Al was die funksie nou ook esteties van aard,” sê Mara droogweg. Anita knik net wyslik.

“Ja, jy sit jou vinger op die ding. Want ten spyte van haar kuns, was mevrou Havenga glad nie geïnteresseerd in die verfraaiing van haar omgewing nie. Als was netjies, maar gestroop. En Henk... wel, hy wou net sorg dat hy eendag bloedsmere onder ‘n mikroskoop kon bekijk.” Sy haal skouers op. Dis nou maar Henk, ja.

Jemima bring die vars tee en ‘n geurige botterkoek wat die vroue gretig hul bordjies laat uithou. Anita skep in en glimlag fyntjies.

“Maar... die klip, soos julle kon sien, is nie ‘n vrou se maat nie. Te swaar. En Henk was te besig. Toe vra ek maar die plaasbestuurder, Dewald Steyn. So ‘n stil ou wat eenkant op die werf in ‘n kothuisie gewoon het.”

“Hoe lank was hy toe al daar?” vra Mara liggies geamuseerd.

“Sowat ‘n jaar. Die man was min te sien en stug, kon my skaars aanky. Mevrou Havenga het redelik goedig na hom verwys as Dewald die Skim, want volgens haar kon hy verskyn en verdwyn. Hy het pas van universiteit af, met ‘n meestersgraad in agronomie, die boerdery vir haar begin bestuur. Ek dink mevrou Havenga het hom bewonder omdat hy so

glad Sotho kon praat met die werkers. Maar hy het selde na die groot opstal toe gekom. Slegs nou en dan wanneer mevrou Havenga Jemima oorgestuur het om hom vir ete te nooi. Meesal dan om so oor die braaiboud en aartappels besigheid te gesels want Henk en sy ma wou niks met die boerdery te doen hê nie. Dewald het natuurlik die boeke ook gehou. Slim seun, het Mevrouw soms gespot. Kan regtig omtrent als doen. Nou ja, ek het toe die volgende middag oor ete by sy kothuis gaan inloer... Hy het hom flou geskrik vir my. Opgevlieg waar hy op die stoep gesit en toebroodjies verorber het. Wassit...?! vra hy en vee sy mond af. Ek soek jou lyf, sê ek astringent. Ek wil daardie lang klip aan die voet van die heuwel boontoe bring en jy lyk lekker sterk.” Anita se mond pluk effens by die herinnering.

Dis toe dat sy besef dat hierdie Dewald wel eenkant was, maar hy het baie beslis nie net één kant nie. Deur die oop venster kon sy boeke sien. Rye en rye van hulle. Sy het sonder skroom binnegestap met hom agterna.

“Jy kan nie hiernatoe kom nie!” het hy geprotesteer. “Mevrou sal niks daarvan hou nie. Jy hoort by Henk.”

“Sê wie?” Die duiwel het veerlig op haar skouer kom sit. Syself het soos ‘n donsie in die wind gevoel. Reg om op die briesie te ry wat deur hierdie bruingebrande man se snoesige huisie stoot en sy blonde kuif op die hoë voorkop laat roer.

Dit het stil geword tussen hulle. Sy was bewus van sy skigtige dog aandagtige blik. Bruin oë soos nat klippies, langer as Henk en selfs frisser.

Sy was bly sy het haar beste driekwart broek aangehad. ‘n Ligpienke met die turkoois toppie. Sy het haar lang, donker hare agtertoe geskud. “Ag, toe wat. Jy kan die trekker en sleepwa vat en...”

“Nee, ek kan nie. Ek sal nie want ek wil nie.”

Haar mond het oopgesak. “Ag, asseblief-blijf...” het sy sag gepleit.

Hy het na haar gestaar en gesug asof hy dié ding sien kom het.

“Hemeltjie, tog...”

“Dit sal gou wees met die sleepwa en...”

“Nee. Nie die wa nie.” Hy het lank gestaan, sy blik op sy baie boeke.

En toe eensklaps: “Goed. Maar ék sal sê hoe en wanneer.”

Sy het insiklik geknik en sy blinkbruin oë het takserend oor haar gegaan, geluier op haar gesig. “Vanaand laat as almal al slaap,” het hy gesê.

“Klim by die kombuisvenster uit.”

“H-hoe laat?” het sy gestamel.

“Ek sê mos, láát. Toe loop nou. Ek wil nie hê Henk moet gedagtes kry nie. Ek hou van my werk, sien...” En toe sy bly kyk na hom: “‘n Man sukkel nie met die baas van jou werkplek se seun se meisie nie.”

Sy het skielik haar stem gekry. “Hoe verskriklik ingewikkeld... maar interessant, as jy my vra.”

Hy het net omgedraai, sy rooi pet op die stoeptafel loop gryp en koers gekry oor die werf. Maar sy het bly talm in die vertrek vol boeke. Die kenmerkende hout-en-papier aura van baie boeke het haar omvou en

oombliklik tuis laat voel nes in haar verre tuisdorp se stokou bibliotekie met sy krakerige vloere. Vreemd tog wat boeke kan doen. Vanuit die bladsye kom klanke en geure, gedagtes en idees. En dit maak mens ánders, het sy gedink. Sy het op en af geloop en almal tydsaam bekyk. Syself het toe al haar graad in letterkunde gehad. En hier is iemand wat léés. Henk was op daardie oomblik vergete. Haar vingers het verwonderd oor die rugkante van die boeke gevee. Daar was boeke oor visse en eekhorings, geskiedenis en filosofie, Augustinus en Thielicke se teologie en selfs een oor rose. Ook Shakespeare en van Wyk Louw se versamelde werke. En ‘n hele verskeidenheid fiksie. Van liefdesverhale tot Grisham en Graham Greene. Een boek het haar opgeval. Wonderlik oud met ‘n verweerde rooibruin leeromslag. Sy het met dit in een van die leunstoele opgekrul en eers opgeskrik toe die tarentale teen skemer skril op die werf begin roep.

Toe sy uitstap, het sy Henk na haar sien soek. Hy het na die ander kant van die werf toe geloop waar sy ma nog in haar ateljee doenig was.

“Anita!” het hy geroep. “Anita, skat, wáár is jy?”

Sy het nader gehol en hy het sy arms oopgehou, haar vasgedruk.

“Ek mis jou,” het hy gefluister en haar begin soen. Dit was nogal aangenaam en beslis verrassend. Henk was selde so demonstratief.

“Watse goed het jy vandag geswot?” wou sy speels agterdogtig weet. Iets wat darem só ‘n reaksie kon uitlok...

“Die gewone,” het hy gelag en haar wang geknyp. “Maar dis gaaf om jou hier te hê. Wat het jy vandag aan die klip se situasie gedoen?”

“Planne bedink. Jy sal sien wat jy sal sien.”

Jemima het geroep vir ete en hulle is binne toe. Mevrou Havenga was nogal spraaksaam aan tafel. Ernstig gesels oor of sy dorp toe moet skuif na ‘n huis langs die kerk. Anita het opeens gevoel dat daar nie juis plek was vir haar in die gesprek nie. Sy was eintlik net ‘n bekende toeskouer. Hoegenaamd nie onwelkom nie maar volkome vervangbaar. Sy het die vae vermoede begin kry dat Henk haar ook maar net vanmiddag gegryp het omdat hy in ‘n onbewaakte oomblik onthou het dat hy ‘n man is. Sy het gewonder of so iets weer so spontaan dié vakansie of wanneer ook al, sou gebeur.

Om twaalf uur het sy met min gewetenskwelling die raam van die kombuisvenster opgeskuif en buite toe geglip. Dewald het hom feitlik dadelik by haar aangesluit. Sy flits het ‘n breë straal oor die donker dennestamme gegooi. By die draad het hy haar mooi deurgehelp. Selfs toe het hulle nog niks gepraat nie en sy het gesweer sy sal nie die eerste woord sê nie.

“Nou ja, kom,” sê hy toe hulle by die klip kom en hy buk om die gespitste punt uit die klam grasse te lig.

“Wat moet ek doen?”

“‘n Toeskouer wees.”

Sy het haar liederlik vervies maar geswyg. En toe begin dit. Die klip wat regop gelig word en dan anderkant toe laat sak word. Op en oor. Op en oor. Tot by die draad.

“Genoeg. Sien jou moreaand, selde tyd.”

Is dit nou *dit*? het sy gewonder toe sy weer in haar bed in die spaarkamer lê. Gaan hy niks méér sê nie? Gaan hy elke aand die klip gatoorkop nader aan die huis bring en nooit eers in haar rigting *kyk* nie? Sy het liefs nie probeer wonder waarheen haar gedagtes hol nie.

Die volgende aand laat het dit begin reën, sag en deurdringend. Neusie verby, het sy gedink maar tog deur die gordyne gaan loer. Sowaar, die ligstraal het heen en weer met die dennelaan ondertoe beweeg. Sy het ‘n windjekker gegryp en hom ingehaal toe hy al byna onder by die klip was.

“Jy gaan siek word,” het hy gesê. “Dis malligheid. Gaan terug.”

“Nee.”

Hy het sag deur sy tande begin fluit maar opgehou toe hy sukkel om die klip onder deur die draad te probeer kry. Hy was uitasem toe hy eindelijk daarin slaag. Nou het die klip onder langs een van die denne gelê.

Die volgende aand het Dewald by die opstal kom eet en hy het gemaak of hy nie hoor hoedat Anita nou en dan nies nie. Henk het haar ligweg bekommerd aspirien voorgeskryf en haar uitgestuur om te gaan rus. Dewald se wenkbroue het net gelig toe sy verby hom skuif en sy het gewens sy kon die hele geselskap met ‘n paar goed gekose sinne opblaas.

Iets soos: Ek wens julle wil almal net begin lééf! Eerder verkoue as gevrek!
'n Onverhoedse aggressie het in haar opgekook. Nie mevrou Havenga of
Henk het eers uitgevra na haar vordering met die klip nie. Hulle het
eenvoudig aangeneem sy sal dit op geen manier kan doen nie. En ook dat sy
maar so vredig versonke in haar verhouding is, dat dit nou maar soos water
wat afdraand loop, sal gaan...

“Moes jy toe in die bed bly?” vra Nellie nuuskierig en ook Mara hou
op met eet.

“Twee dae. Siek soos 'n hond.”

“En Dewald? Het hy die klip toe...?”

“O nee, toe hy my weer op die werf raakloop, het hy koel gesê hy
werk nie sonder geselskap nie en sal ek asseblief oor nog twee aande my
gesig by die klip kom wys.”

Sy het dit gedoen. Dit was 'n helder somernag vol sterlig. Hy het haar
net buite die kombuisvenster ingewag en hulle het eers begin praat toe hulle
al halfpad ondertoe was.

“Kyk jy ooit sterre?” wou Dewald weet.

“Sterrekyk kan twee betekenisse hê,” het sy moedswillig geantwoord.

“Ag, tog...” was sy reaksie. “Hoe infantiel.”

Dit was die laaste strooi. “Luister,” het sy met geklemde kake gesê,
“ek het nie jou sarkasme nodig nie. Lós die blesst klip!”

Hy het haar arm gegryp toe sy wou omdraai. “Gee jy so gou op? Onthou, dis jou trouklip! Jy sal moet vasbyt!”

“Hoe... weet jy?” wou sy weet.

“Jemima het my gesê jy moet die klip daarbo kry as jy wil trou. Sy sê sy weet nie so mooi nie. Julle lyk klaar soos twee moeggetroude mense.”

Anita het opgekyk in sy gesig. Die sterlig het sy hoë wangbene en ferm ken uitgelig. Net sy oë was donker skadu’s. En sy het nie woorde gehad nie. Waarom die waarheid verdoesel?

“Soen my,” het sy gefluister.

“Nee.”

“Jy bedoel... jy sal nie en jy wil nie?”

Hy was lank stil. “Ek mag nie.”

“Waarom nie? Wat as ek jou sê Jemima is reg, al het ek nog nooit so daaroor gedink nie?”

“Jy soek net afleiding,” het hy wal gegooi.

“Nee... ek soek passie, en boweal... die liefde.”

“Wat laat jou dink ék soek dit?”

Sy was na aan trane. “Ek... het na jou boeke gekyk nou die dag... En ek het op ‘n sekere boek afgekom. Ek het dit oopgemaak omdat dit so pragtig is. Antiek...”

“My ouma het dit vir my gegee. Wat het jy daarin gelees?”

“Ek is jammer... Maar toe ek eers begin, was dit moeilik om op te hou... Want die boek het jou vir my oopgesluit... Jy het daarin geskryf dat... die liefde vir jou soos ‘n fees moet wees... want Balzac het gesê die liefde skenk alles - maar net aan mense wat mekaar bemin.”

Sy arms was om haar nog voordat sy die laaste woord gesê het. Sy mond het hare verlangend opgeeis.

“Los die klip,” het hy oplaas gefluister en hulle het stadigaan in die sterbesaaide nag opgestap boontoe. In die tuin het hy haar op die oop grasperk staangemaak en ‘n hele klomp sterre wat aan hom bekend was, uitgewys. Orion, Vega, Polaris...

“Wat is daar wat jy nie weet nie?” wou sy sag weet.

“Die belangrikste. Wat gaan jy nou doen?”

“Die klip los en vir Henk sê dat ek nooit met hom sal kan trou nie.”

“Nou weet ek regtig vreeslik baie,” het hy genoeglik gesug.

Die vroue sit nog met hul leë teekoppies in hul hand.

Nellie sug en glimlag. “O, om darem die regte man te kry! En wat toe van Henk?”

“Ek... het nogal my kop ‘n bietjie gebreek oor hom. Nie my hart nie, let wel. Ek het besef ek en hy was gawe maats. Maar ons het mekaar nie werklik nodig gehad nie. Ek dink... om te smag na mekaar, is baie belangrik... Om eerlik te wees ook. Ek het hom die volgende oggend al trompop geloop en regtig mooi probeer vertel dat ons so met die tyd saam

eintlik by mekaar verby geleef het. Byna soos vertroude vriende wat vriendelik waai as hulle mekaar sien... Of soos twee half verveelde mense wat maar aansukkel omdat hulle in ‘n groef is.”

“En wat sê hy toe?”

“Wel, Henk is nie iemand wat juis sterk is met beelde en vergelykings nie. Ek moes later ruitelik sê: Henk, ek het jou nie lief nie en jy het my ook nie lief nie. Liefde voel anders as wat jy voel. As jy my liefgehad het, sou jy nou op die vloer rondgekrui het van ellende. Hy het my nadenkend aangestaar. Toe sê ek: Sien jy nou, ons is glad nie opgewonde oor mekaar nie!”

“Maar tog.... arme man,” sê Mara.

“Nee wat, hy’t gou ‘n netjiese verpleegster op ‘n hospitaaldans raakgeloop en hulle is glo heel gelukkig getroud.”

“En die plaas dan?” vra Nellie opnuut nuuskierig.

“Die liefde het vir my en Dewald regtig alles geskenk,” glimlag Anita. “Want daardie aand toe ek met verkoue en al uit die eetkamer gestuur is om te gaan rus, het Henk en sy ma groot besigheid met Dewald gepraat. Hy het toe besef dat hulle van plan was om Sandkloof te verkoop. Dit was sy groot kans. Toe’t hy net na Nuwejaar sy ouma in Bloemfontein gaan sien. En hulle twee het ‘n transaksie beklink. Sy gee aan hom sy erfdeel en hy koop die plaas, mits sy in die kothuisie kan kom woon.” Anita skud haar kop op hul vraende blikke. “Nee, sy is verlede jaar oorlede... Ewenwel,

mevrou Havenga is net na daardie Januarie weg dorp toe en Henk het natuurlik verder gaan studeer.”

“Maar die klip...?” por Mara weer, traag om die storie te laat gaan.

“Het Dewald vir my in die tuin staangemaak net voor ons troue. Dis óns klip. Hy wys reguit sterre toe...”
